kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou…

Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: Watter honger, watter Brood?

Skriflesing: Johannes 6:24-35

"If it is bread that you seek, you will have bread.
If it is the soul you seek, you will find the soul.
If you understand this secret, you know you are that which you seek."
— Rumi

Broodjies vir die pad

"[A writer is] a priest of eternal imagination, transmuting the daily bread of experience into the radiant body of everliving life."
— James Joyce

Ongemanierd-heid is nie 'n psigiatriese siekte

Heinz Mödler

'n Man en sy vrou ry elk op 'n oefenfiets in die gim.

Die fiets tussen hulle is bespreek deur iemand anders, maar ná 20 minute het die persoon nog nie opgedaag nie, en die man skuif oor om langs sy vrou te oefen.

'n Jong vent met bultende spiere, 'n paar dekades jonger as die paartjie, daag kort daarna op en boender die man vloekend en skellend van die fiets af. Skaamteloos.

Is die oorsaak dalk sogenaamde "roid rage"? Want 'n spierpaleis wat probeer om sy swak selfbeeld met spiermassa te verbloem, is dikwels onnodig aggressief.

Anaboliese steroïede is juis ontwikkel om die aggressie wat baie testosteroongebruikers ervaar en vertoon te vermy.

Maar ongelukkig faal hierdie voordeel teen hoë doserings. En hierdie manne neem soms meer pille per dag as wat daar sago in 'n poeding is.

Dalk het hierdie jong spiertier 'n psigiatriese probleem? Dalk iets soos intermitterende eksplosiewe steuring (IES).

Dit is 'n formele psigiatriese diagnose en word saam met ander afwykings soos kleptomanie ('n drang om te steel, al is dit nie nodig nie) en piromanie (die drang om iets te brand) gegroepeer.

Sou hierdie jong man wel aan IES ly, kan jy maar jou kop op 'n blok sit dat soortgelyke voorvalle al voorheen gebeur het. En weer en weer gaan gebeur.

Ook kan jy 'n daalder verwed dat hy ook ander sielkundige en psigiatriese afwykings onder sy spiere huisves. Meer as 80% van hierdie subgroep ly aan depressie, angstigheid en middelafhanklikheid.

Die mees waarskynlike diagnose van wat met hom verkeerd is, is egter nie een van bogenoemde nie. Dit is veel eenvoudiger: Hy ly aan 'n gebrek aan maniere en respek.

Maniere wat hy by die huis moes geleer het by ouers wat tien teen een ook nooit maniere in hul ouerhuis geleer het nie.

Of dalk het sy ouers hom wel goeie maniere geleer, maar sy narsistiese gedrag het dit eenkant toe geskuif. Hy is dalk vol van homself omdat hy 'n goeie sportman is, slim is, spiere het of omdat die bank 'n plat, vinnige motor vir hom finansier.

Hierdie selfverhewe status laat hom dink dat gewone reëls en regulasies nie meer op hom van toepassing is nie. Dis benede hom.

Vir hom is goeie maniere en respek vir ander bloot tekens van 'n swakheid. Iemand wat vir 'n meer senior persoon opstaan sodat hulle kan sit, is in sy oë 'n loser.

Sy interaksie met mense word beperk tot uitsluitlik die wat sy sterstatus tot in die rooi kan druk. Die probleem word verder vererger omdat hy, soos die meeste moderne mense, baie min fisiek sosialiseer.

Die tyd wat vriende in mekaar se persoonlike ruimtes deurbring, word tot die minimum beperk.

Dit is baie minder moeite om eenvoudig jou slimfoon op te tel en te begin tik. Indien jy nie saamstem met vriende se menings nie, druk jy eenvoudig die rooi knoppie.

Of vee summier die vriendskap uit jou lewe uit met die druk van nog 'n knoppie.

Ek is bevrees hierdie jong man val in die laaste groep. Maar dalk is al drie diagnoses ook op hom van toepassing.

** Dr. Mödler is 'n medikus, skrywer en kunstenaar van Kaapstad.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/ongemanierdheid-is-nie-n-psigiatriese-siekte-20180731

"The most beautiful thing we can experience is the mysterious. It is the source of all true art and science. He to whom the emotion is a stranger, who can no longer pause to wonder and stand wrapped in awe, is as good as dead —his eyes are closed. The insight into the mystery of life, coupled though it be with fear, has also given rise to religion. To know what is impenetrable to us really exists, manifesting itself as the highest wisdom and the most radiant beauty, which our dull faculties can comprehend only in their most primitive forms—this knowledge, this feeling is at the center of true religiousness."
— Albert Einstein, Living Philosophies

Onderdrukking

Ouma was so wit soos 'n kussingsloop in Oupa
se skaduwee hy het die son oor haar kop geblok
en haar soos 'n drukspyker onder sy duim
gehou en haar presies geplaas waar hy haar wou hê:
'n vasgespelde mot teen 'n aansteekbord.

Nou staan hulle bal-en-klou-stoele in my huis
'n erfstuk van die twee en ek sien Oupa se
gebalde mond en Ouma se klou aan haar belofte.
Dus bal ek nou my vuiste en slaan my kloue soos
'n kat in 'n muis. In hierdie geslag is dié speletjie oor!

Marthé McLoud

"God is in the slums, in the cardboard boxes where the poor play house. God is in the silence of a mother who has infected her child with a virus that will end both their lives. God is in the cries heard under the rubble of war. God is in the debris of wasted opportunity and lives, and God is with us if we are with them."
— Bono

"The Dead Sea in the Middle East receives fresh water, but it has no outlet, so it doesn't pass the water out. It receives beautiful water from the rivers, and the water goes dank. I mean, it just goes bad. And that's why it is the Dead Sea. It receives and does not give. In the end generosity is the best way of becoming more, more, and more joyful."
— Desmond Tutu, The Book of Joy: Lasting Happiness in a Changing World

Two great spiritual masters share their own hard-won wisdom about living with joy even in the face of adversity. The occasion was a big birthday. And it inspired two close friends to get together in Dharamsala for a talk about something very important to them. The friends were His Holiness the Dalai Lama and Archbishop Desmond Tutu. The subject was joy. Both winners of the Nobel Prize, both great spiritual masters and moral leaders of our time, they are also known for being among the most infectiously happy people on the planet.From the beginning the book was envisioned as a three-layer birthday cake: their own stories and teachings about joy, the most recent findings in the science of deep happiness, and the daily practices that anchor their own emotional and spiritual lives. Both the Dalai Lama and Archbishop Tutu have been tested by great personal and national adversity, and here they share their personal stories of struggle and renewal. Now that they are both in their eighties, they especially want to spread the core message that to have joy yourself, you must bring joy to others.Most of all, during that landmark week in Dharamsala, they demonstrated by their own exuberance, compassion, and humor how joy can be transformed from a fleeting emotion into an enduring way of life.

"Something is lacking. As one of the seven billion human beings, I believe everyone has the responsibility to develop a happier world. We need, ultimately, to have a greater concern for others' well-being. In other words, kindness or compassion, which is lacking now. We must pay more attention to our inner values. We must look inside."

Brood vir die pad

Slagoffers van die geskiedenis moet nie vergeet word

RRV

'Totdat die leeus hul eie historici het, sal verhale oor die jag altyd die jagter verheerlik." Dié Afrika-spreuk gee uitdrukking daaraan dat die geskiedenis meestal vanuit die gesigspunt van die wenners en magtiges vertel word.

In die proses laat weergawes van die verlede dikwels nie aan die verhale en beskouinge van die sogenaamde verloorders en slagoffers van die geskiedenis reg geskied nie.

Dat die geskiedenis dikwels verskraal word tot 'n fokus op die wel en wee van die sterkes en heersers, tot die "groot dade" van "groot manne", laat ons met die vraag of ons nie 'n morele verantwoordelikheid het om meer doelbewus teen die grein in met die verlede om te gaan nie.

Moet ons nie meer moeite doen om in ons omgang met die verlede ongehoorde of stilgemaakte stemme te versterk nie?

Benodig ons nie juis 'n etiek van herinnering wat ons noop om die stories en ervarings van die weerloses, verwondes en verontregtes op 'n getroue en verbeeldingryke wyse lewend te hou nie?

As jy deur die strate van talle Duitse dorpe en stede loop, vind jy op plekke in die plaveisel vierkantige gedenkstene wat aandui dat slagoffers van Nazi-geweld, dikwels Jode, daar gewoon of gewerk het. Op hierdie koperplaatjies – bekend as Stolpersteine, letterlik "struikelblokke" – word die persoon se naam aangedui en dikwels ook die naam van die konsentrasiekamp waar hulle vermoor is.

Dié projek is in 1992 deur die Duitse kunstenaar Gunter Demnig begin en tans is daar derduisende van hierdie gedenkstene in meer as 22 lande. Hierdeur word op 'n bewuste manier probeer om die herinnering aan die slagoffers van Nazi-terreur in die kollektiewe geheue te laat voortleef.

In sy bekroonde boek Geloof alleen: Reise deur die kerkhervormings vertel André Pretorius hoe hy voor die ingang van die katedraal in Maagdenburg op een van hierdie Stolpersteine getrap en dit hom tot nadenke gestem het. Die spesifieke steen het die dood van 'n Maagdenburgse Jodin, Sophie Masting, herdenk. Sy het op 1 September 1934, waarskynlik in 'n daad van uiterste wanhoop, van die katedraal se toringspits na haar dood gespring.

Die lewensverhale van mense soos Masting word maklik vergeet. Soos ook die lewens van talle slagoffers van geweld, trauma, onreg en verontmensliking – ook in Suid-Afrika. Daarom bly dit 'n kragtige etiese daad wanneer mense doelbewus pogings aanwend om súlke slagoffers se name, swaarkry en menswaardigheid te bly gedenk.

https://www.netwerk24.com/Stemme/MyStem/slagoffers-van-die-geskiedenis-moet-nie-vergeet-word-20180727

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877